# HOOFSTUK 1

## ORIËNTERENDE INLEIDING

### 1.1 Oriëntasie

In hierdie hoofstuk sal die ontstaan van die probleem, sowel as die doelstelling met die ondersoek, geskets word. Vervolgens sal enkele verskille tussen die norm- en ondersoekgroep, asook die program van ondersoek wat in die studie gevolg gaan word, uiteengesit word.

#### 1.1.1 Die ontstaan van die probleem

Van die tweede helfte van die twintigste eeu af het daar 'n ongekende vraag na onderwys en opvoeding, soos nog nie vantevore in die geskiedenis beleef nie, feitlik oor die hele wêreld ontstaan (1,p.3). Hierdie sogenaamde "onderwysontploffing" is ook in die Republiek van Suid-Afrika gevoel. Hier te lande was dit nie net tot sekere volksgroepe beperk nie, maar het dit feitlik almal geraak, ook die Bantoe (2,p.1). Waar daar in 1954 slegs 5 665 Bantoeskole in Suid-Afrika was (2,p.1), was daar in 1970 reeds 10 125 skole (3,pp.20-21). In 1970 was daar 2 748 635 Bantoe= leerlinge (4,pp.20-21), maar die getal het in 1971 al tot 3 028 626 vermeerder (5,pp.20-21). Van laasgenoemde getal was 2 875 703 Bantoeleerlinge in die primêre skool (5,pp.20-21). In 1970 moes die Departement van Bantoe-onderwys 38 691 onderwysers gebruik om die nodige onderwys aan die Bantoeleerlinge te gee (6,pp.20-21). Van die totale getal was 34 994 onderwysers aan die primêre skool verbonde.

Om dus in die steeds dringender wordende behoefte aan onderwys te voldoen, moet die nodige onderwys= personeel aan die onderwysersopleidingskole opgelei word. Vir toelating tot die Primêre Onderwysers= opleidingskole moet die Bantoeleerlinge 'n Junior Sertifikaat besit. Die studie aan die Primêre onderwysersopleidingskole duur dan twee jaar indien die studente suksesvol in hulle eksamens is (7,p.345).

Die/2

Die opleiding van die aspirant-onderwyspersoneel het ŉ akademiese sowel as ŉ professionele strekking (7,p.345). In 1971 is daar 8 064 studente as primêre onderwysers/esse opgelei (8,pp.20-21). Die opleiding word, net soos elders in Afrika (9,p.47), as belangrik beskou, want daarsonder sou die nodige gewenste groei in die onderwys nie kon plaasvind nie. Inteendeel, selfs met die pogings tot opleiding van nuwe onderwysers/esse, bly die getal onopgeleide onderwysers/esse nog ŉ probleem wat skynbaar nie gou opgelos kan word nie. Hartshorne meen dat een uit elke ses primêre onderwysers/esse nog ongekwalifiseer is (10,p.67). Selfs met die jaarlikse styging in die getal studentonderwysers sal die probleem, as gevolg van stygende getalle leerlinge, nie gou opgelos kan word nie.

Daarom word gepoog om leerlinge aan te moedig om onderwysers/esse te word. Ook moet aan die student= onderwysers die bes moontlike opleiding voorsien word, sodat hulle deeglik vir hulle take voorberei en toegerus word. Die onderwysersopleidingskole poog dus om die studente in die twee jaar wat die opleiding duur so goed as moontlik op te lei, sonder om die standaard so streng te maak dat groot getalle studente druip. Die beste gebruik word dus van die beskikbare mannekrag gemaak. Die onderwysersopleidingskole ondervind egter ŉ probleem in die begin van die opleidingstydperk, want die studente kom van verskillende skole en is deur verskillende onderwysers/esse opgelei. Dit het verskille tussen skole en leerlinge van verskillende onderwysers/esse tot gevolg (2,p.23). Daarom kan die standaard van onderrig van skool tot skool en vak tot vak verskil (11,p.147). Indien die onder= wysersopleidingskole objektiewe gegewens in verband met hulle studente aan die begin van die opleidings= tydperk kan bekom, kan gepoog word om remediërende of selfs indiwiduele onderwys, waar nodig, toe te pas. So kan beter opgeleide en toegeruste onderwysers/esse moontlik aan die skole gelewer word.

Gevolglik/3

Gevolglik het die Departement van Bantoe-onderwys 'n behoefte gevoel aan 'n toets waardeur die bekwaamheids= peil van die studente in die tale, Afrikaans en Engels en in Rekenkunde bepaal kan word. Sodanige toets moet so vroeg as moontlik gedurende die opleidingstydperk beskikbaar wees, sodat gepoog kan word om die probleme wat die indiwiduele studente in die tale en Rekenkunde ondervind, so gou as moontlik op te los.

Aangesien daar nie so 'n toets vir die Bantoe= studente beskikbaar was nie, is voorlopig van 'n bestaande toets, wat vir Blanke leerlinge in standerds 5 tot 7 gestandaardiseer is, gebruik gemaak. Die norms moes egter vir die studente aangepas word. Daar het dus twyfel oor die doelmatigheid van die toets, die Algemene Toetse in Taal en Rekenkunde (ATTR), vir die studente ontstaan en daarom is die destydse Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (wat op 1 April 1969 deel van 'n outonome liggaam, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, geword het) deur die Departement van Bantoe-onderwys versoek om die toepas= baarheid van die ATTR vir die eerstejaar Primêre Onderwysersopleidingskoolstudente (POS 1-studente) te ondersoek.

1.1.2 Die doel met die studie

Die studie word onderneem met die doel om eers uit die literatuur te bepaal watter probleme met toetse, wat vir een kultuurgroep opgestel is, ondervind word, indien dit op 'n ander kultuurgroep toegepas word. Aan die hand hiervan en van geskikte kriteria, sal die gegewens, wat met die toepassing van die ATTR behaal is, ondersoek word om die toepasbaarheid van die toetse vir die POS 1-studente te bepaal.

Die statistiese gegewens sal kwantitatief, sowel as kwalitatief ontleed word, voordat tot 'n finale uitspraak oor die toepasbaarheid, al dan nie, gekom kan word. Daarna sal dit duidelik wees of die toetse net so toegepas kan word, of daar aanpassings moet wees, en of nuwe toetse opgestel moet word.

1.1.3 Enkele/4

### 1.1.3 Enkele verskille tussen die norm- en ondersoekgroep

Die ATTR is vir Blanke leerlinge in standerds 5 tot 7 gestandaardiseer. Dié Blanke leerlinge moes 7 tot 9 jaar onderwys ontvang het en hiervan moes 7 jaar primêre onderwys wees. Aangesien die onderwys vir Blanke leerlinge tussen die ouderdomme van 7 en 16 jaar verpligtend is, word dié leerlinge gewoonlik op 6- of 7 jarige ouderdom tot die skool toegelaat (7,p.125). Tot en met standerd 10 ontvang hierdie leerlinge dan moedertaalonderwys (12,p.31). Die amptelike tale Afrikaans en Engels, is verpligte skoolvakke. Een van dié tale sal, in die reël, 'n moeder=taal en die ander taal 'n tweede taal vir die leerlinge van hierdie normgroep wees.

Die ondersoekgroep bestaan uit 'n groep POS 1-studente. Dié studente moes, indien suksesvol in hulle eksamens, 8 jaar primêre en 3 jaar sekondêre onderwys ontvang het en moes, as toelatingsvereiste tot die Primêre Onderwysersertifikaatstudie, die Junior Sertifikaateksamen geslaag het. Aangesien daar geen verpligte onderwys vir Bantoeleerlinge is nie, kan die leerlinge op enige ouderdom met hulle skoolby=woning begin, of dit op enige ouderdom staak, of dit selfs tussenin na willekeur onderbreek. Die leer=linge ontvang in die primêre skool moedertaalonderwys in een van die Bantoetale Xhosa, Zoeloe, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tswana, Tsonga of Venda (7,p.357). Reeds van die aanvangsjare van die onderwys word Afrikaans en Engels geleer. In die sekondêre skool word Afrikaans en/of Engels egter die taalmedium waardeur die skoolvakke gedoseer word (7,p.358).

Uit die bostaande kan afgelei word dat die ouderdomme en jare van skoolopleiding vir die Blanke en Bantoekultuurgroepe verskil, soos ook die taal=onderrig. As gevolg van hierdie en ander faktore wat verskille teweeg kan bring, kan daar dus verwag word dat die ATTR moontlik nie so doelmatig vir die Bantoestudente as vir die Blanke leerlinge sal wees nie.

1.2 Die /5

## 1.2 Die program vir hierdie ondersoek

Ter inleiding is 'n oriëntasie ten opsigte van die ont=staan van die probleem, die doel met die studie en van enkele verskille tussen die norm- en ondersoekgroep gegee.

Aangesien daar in die literatuur nie altyd duidelik tussen verskillende begrippe onderskei word nie, sal daar in die studie aan begripsbepaling en agtergrond aandag gegee word. Die begrippe intelligensie, aanleg, prestasie en bekwaamheid sal, met verwysing na die resente literatuur, bespreek word.

Ook sal gepoog word om tot 'n bepaalde standpunt ten opsigte van genoemde begrippe te kom. Intelligensie sal eers teen 'n bepaalde agtergrond beskou word, waarna verskillende definisies van intelligensie bespreek sal word. Vervolgens sal enkele teorieë aangaande die aard van intelligensie beskryf word. Die teorieë wat aandag sal ontvang, is die tweefaktorteorie, die groepfaktorteorie, die meervoudige faktorteorie, die hiërargiese teorie en die struktuur-van-intelligensie- of driedimensionele teorie. Hierop sal 'n slotbeskouing oor intelligensie volg. Na die bespreking van die begrippe aanleg en prestasie sal die verwantskap tussen aanleg- en prestasietoetse, asook die begrip bekwaam=heid bespreek word. Daarna sal die verband tussen die begrippe die nodige aandag moet ontvang. Aangesien die ATTR egter tale en Rekenkunde betrek, sal eerstens op die verband tussen taal en intelligensie, aanleg, prestasie en bekwaamheid gelet word en tweedens op die verband tussen Rekenkunde en intelli=gensie, aanleg, prestasie en bekwaamheid. Laastens sal enkele bekwaamheidstoetse kortliks betrag word.

Aspekte wat die toepasbaarheid van toetse vir verskillende kultuurgroepe kan beïnvloed, sal in 'n volgende hoofstuk, in die lig van veral die jongste literatuur, bespreek word. Die aspekte wat hieronder bestudeer sal word, is die verskille tussen kulture; tussen sosio-ekonomiese groepe; opvoedkundige verskille; breinverskille; intelligensieverskille en aanleg-, prestasie- en bekwaamheidsverskille. Ten slotte sal die moontlike neutralisering van verskille tussen kultuur=groepe deur die berekening van norms aandag ontvang.

Vervolgens/6

Vervolgens sal die metode van ondersoek uiteengesit word. Die ATTR , wat in dié ondersoek gebruik word, sal ten opsigte van vorms van toetse, die samestelling van die taal- en Rekenkundetoetse, toetsitems en die antwoordblad bespreek word en die rasionaal van die toets sal gegee word. Daarna sal die ondersoekgroep volgens die getal studente wat in die ondersoek betrek is, die getal studente per vorm van die toets, geslag, ouderdom, huistaal en opleidingskool ondersoek word. Aan die hand hiervan sal besluit kan word of die ondersoekgroep moontlik verteen= woordigend van die POS 1-studente is, al dan nie. Ver= volgens sal aangetoon word hoe die antwoordblaaie nagesien word. Ook sal die aannames in verband met die toepassing van die ATTR bespreek word. Eers sal die basiese aannames gestel en daarna 'n slotbeskouing daaroor gegee word, waarna die item- en responsieontleding aandag sal ontvang. Eers sal die item- en responsieontledingsprogram wat in die ondersoek gebruik gaan word, uiteengesit moet word en daarna sal die kriteria om die toepasbaarheid van die ATTR te bepaal, gegee word. In hierdie verband sal gelet word op die gemiddelde en standaardafwyking, skeefheid en kurtose, betroubaarheidsindekse vir die toetse, toetstye, moeilikheidsindekse, diskriminasie-indekse, die produk van Gulliksen, responsieontleding, die moontlike antwoorde en die gemiddelde toetstellings, kultuurgebonde items en verskeie soorte geldighede.

Die resultate met hierdie ondersoek behaal, sal ver= volgens ontleed en aan die hand van die bovermelde kriteria beoordeel word, waarna die nodige afleidings gemaak sal word. Ook sal 'n gestratifiseerde vergelyking van die prestasies van die toetslinge plaasvind. In hierdie verband sal eers op die prestasies van die ondersoekgroep in die vorms van die toetse gelet word om só uitspraak te kan gee of die gegewens saamgevoeg of afsonderlik per vorm verwerk moet word. Daarna sal die prestasies van die huistaal- en ouderdomsgroepe, asook van die geslagte, ondersoek word. Vervolgens sal die sentrale neiging, verspreiding en betrou= baarheid van prestasies bespreek word, aangesien dit 'n aan= duiding van die toepasbaarheid van die toetse as geheel is.

Hieronder/7

Hieronder sal op die gemiddeldes en standaardafwykings, die verdeling van die puntetellings, die betroubaarhede en metingsfoute gelet word. Indien die toetse nie toepas= baar is nie, hoef die ondersoek nie verder gevoer te word nie. As die toetse egter net geringe probleme oplewer, en die leemtes moontlik met aanpassing reg gestel kan word, sal item- en responsieontleding moet plaasvind. Dit sal derhalwe nodig wees om die tydsbeperkinge, die moeilikheids- en diskriminasie-indekse, die produk van Gulliksen, responsie= ontleding en die gemiddelde toetstellings van die groepe studente wat elk van die vyf moontlike antwoorde gekies het en ook kultuurgebonde items in oënskou te neem. Aan die hand hiervan sal besluit moet word welke items geskik is al dan nie. In laasgenoemde geval sal bepaal word hoe die items aangepas moet word of andersins sal nuwe items geskryf moet word. As die toetse en items geskik is, sal daar moontlik nog herrangskikkings, byvoorbeeld van items van maklik na moeilik, kan plaasvind.

In die laaste hoofstuk van die studie sal 'n samevattende oorsig voorsien en sekere aanbevelings vir verder navorsing gedoen word.

## 1.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is ter oriëntasie eers die ontstaan van die probleem bespreek. Daaruit blyk dat in die Republiek van Suid-Afrika, veral onder die Bantoe, 'n sogenaamde "onderwys= ontploffing" plaasgevind het. Die steeds stygende getal Bantoeleerlinge, veral in die primêre skool, vereis dat daar jaarliks 'n voldoende getal opgeleide onderwysers/esse tot die onderwysprofessie moet toetree. Goed opgeleide onderwysers kan weer die onderwyskring waarin hulle beweeg, ten goede beïnvloed. Daarom moet die onderwysersopleidingskole die beste gebruik van hulle geleenthede maak en hulle studente deeglik toerus. Om dit te kan bewerkstellig, is 'n kennis van die gebreke en probleme by indiwiduele studente nodig. Die ATTR kan 'n hulpmiddel wees om meer van die studente se taal- en Rekenkundebekwaamheid te wete te kom. Gevolglik is die RGN versoek om die toepasbaarheid van genoemde toets vir die POS 1-studente te bepaal. Die verwagting is

dat/8

dat die ATTR nie net so op die Bantoestudente toegepas sal kan word nie, omdat die Bantoe- en die Blanke leerlinge se onderwysagtergrond, onder andere, verskil.

Die program vir hierdie ondersoek is vervolgens breed=voerig uiteengesit. In die tweede hoofstuk vind begrips=bepaling plaas. Die begrippe intelligensie, aanleg, prestasie en bekwaamheid geniet aan die hand van 'n deeglike literatuur=studie besondere aandag.

In die derde hoofstuk sal die aspekte wat die toepasbaar=heid van toetse vir verskillende kultuurgroepe kan beïnvloed, bespreek word.

In die vierde hoofstuk word die metode van ondersoek, die toetse en die samestelling van die ondersoekgroep bespreek, en word die kriteria om die toepasbaarheid van die toetse as geheel en van die items afsonderlik te bepaal, aangedui.

In die vyfde hoofstuk sal die resultate ontleed en aan die hand van dié kriteria beoordeel word. Dan sal uitspraak oor die toepasbaarheid, al dan nie, van die toetse en items vir die POS 1-studente gelewer kan word. Daarna sal aanbeve=lings, gebaseer op die bevindings, gemaak word.

In die slothoofstuk sal 'n samevattende oorsig voorsien en sekere aanbevelings vir verdere studie gedoen word.

BIBLIOGRAFIE/9

# BIBLIOGRAFIE


1. COOMBS, P.H. The world educational crisis. New York, Oxford University Press, c1968.

2. SWANEPOEL, H.F. 'n Geldigheidsondersoek na die skolastiese aanlegtoets vir standerd 1- en standerd 2- Bantoeleer=linge met spesiale verwysing na die Noord-Sotho taal=groep. Potchefstroom, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1971.

3. DU PLESSIS, J.H. Some interesting facts about Bantu education. Bantoe-onderwysblad, XVII(5), Junie 1971: 20-21.

4. DU PLESSIS, J.H. The number of pupils in Bantu schools : 1970. Bantoe-onderwysblad, XVII(4), Mei 1971 : 20-21.

5. BANTOE-ONDERWYS. Number of pupils in Bantu schools : 1971 Bantoe-onderwysblad, XVIII(3), April 1972 : 20-21.

6. DU PLESSIS, J.H. The number of teachers in Bantu-schools: 1970. Bantoe-onderwysblad, XVII(6), Augustus 1971 : 20-21.

7. BEHR, A.L. and MACMILLAN, R.G. Education in South Africa. Pretoria, J.L. van Schaik Ltd., 1966.

8. BANTOE-ONDERWYS. Statistical facts about Bantu education. Bantoe-onderwysblad, XVIII(5), Junie 1972 : 20-21.

9. COHEN, A. Development in Africa. African Affairs, 67, January 1968 : 44-54.

10. HARTSHORNE, K.B. Literature across cultures: English literature in Bantu schools. English Studies in Africa, 13(1), March 1970 : 67-79.

11. FOURIE, A.B. Ondersoek na die implikasies van gestandaardi=seerde toetse vir st. 6 - Bantoeleerlinge. Pretoria, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, U.P., 1967.

12. NEL, B.F. Aspekte van die onderwysontwikkeling in Suid-Afrika. Kaapstad, H.A.U.M., 1959.